
VOLKSBLAD 11 NOV. 2009



# Ramp laat kollig weer val op kleinflaminke se lot

*Kommer oor die stygende watervlak van die Kamfersdam buite Kimberley waar kleinflaminke op 'n kunsmatige broei-eiland broei, bestaan reeds lank. Dié broeiery het wêreldwyd aandag getrek en verlede week het gebeur wat bewaringsinstansies reeds lank vrees – die watervlak het so erg gestyg dat van die kuikens verdrink het. Dit word as 'n internasionale ekologiese ramp te midde van die derde broeiseisoen hier beskou. Dit is ook lank reeds bekend dat rioolwater van die Homevale-rioolaanleg in dié dam vloei.* **Hannatjie van der Merwe** *doen verslag.*



'n KUIKEN van twee dae oud wat verdrink het. FOTO: WEBCAM

LUIDENS 'n verklaring van die Red die Flaminke-vereniging, Birdlife SA en Wessa (Noord-Kaap) is meer as twee derdes van die kunsmatige broei-eiland by die Kamfersdam nou onder water.

Na raming het die onlangse vloede meer as 7 000 van die 10 000 neste vernietig.

Die Red die Flaminke-vereniging skat dat meer as 1 000 van die kuikens tydens dié vloede verdrink het.

Me. Sylvia Lucas, Noord-Kaapse LUR vir omgewingsake en natuurbewaring, het in haar reaksie op die gebeure gesê dit lyk of die kleinflaminke verdrink omdat niemand iets aan die saak doen nie.

Sy meen egter dit is nie die geval nie. Dit gebeur weens die baie reën en die vloede wat die omgewing onlangs getref het.

Sy sê die vloede in die omgewing het 99% tot die stygende watervlak in die Kamfersdam bygedra, wat veroorsaak dat die kleinflaminke verdrink. "Dit is nie deur ons en dié Sol Plaatje-munisipaliteit se nalatigheid veroorsaak nie."

Lucas het ook die name van twee individue van onderskeidelik Birdlife SA en Wessa genoem en gesê dié mense staan konstant enige aansoek van die Sol Plaatje-munisipaliteit vir positiewe ontwikkeling teen – sonder om enige alternatiewe aan te bied.

Luidens die verklaring is die Red die Flaminke-vereniging sedert einde verlede jaar bekommerd oor die Kamfersdam se stygende watervlak. Dit is in briewe aan die drie vlakke van regering genoem, asook in nuusverklarings en op die webwerf www.savetheflamingo.co.za.

Die hoogte van die broei-eiland is bepaal volgens voorstelle van Kwezi V3 Ingenieurs ('n studie wat die Sol Plaatje-munisipaliteit gevra het) en om die erosie van die eiland te beperk.

Ekapa Mining het klippe om die eiland gepak op die hoogte van die watervlak waarop ooreengekom is.

Die watervlak van die Kamfersdam het egter vinnig gestyg en is sedert 2007 bo die voorgestelde maksimum vlak.

Die Red die Flaminke-vereniging het in Oktober vanjaar en voor verlede week se swaar reën gemerk die watervlak styg vinnig, die eiland oorvloei en die broeiery is in gevaar.

Ekapa Mining, wat die broei-eiland vir die kleinflaminke gebou het, het aangebied om die beskadigde eiland te herstel, maar eers as die dam se watervlak gestabiliseer en die Sol Plaatje-munisipaliteit aandag aan die gehalte van die water gegee het.

Die verklaring lui dit is onwaar dat Birdlife SA en Wessa elke aansoek van die Sol Plaatje-munisipaliteit vir positiewe ontwikkeling teenstaan.

Birdlife SA het geen aansoeke van dié munisipaliteit teengestaan nie. Wessa het kritiek gelewer op een aansoek van die munisipaliteit om van die oortollige rioolwater van die Homevale-rioolaanleg ontslae te raak deur dit na die Langleg-pan te pomp.

Wessa het op 23 Januarie 2009 appèl aangeteken teen die omgewingsmagtiging vir laasgenoemde aansoek – gegrond op geldige besware oor die proses vir die omgewingsimpakstudie wat onvoldoende was en weens kommer oor die invloed van die riool op sensitiewe pan-ekostelsels.

Wessa is nie teen die aansoek self nie, maar het gevra dat alternatiewe ondersoek word, soos deur die wet vereis.

Dié organisasies vra hoekom het dit die Noord-Kaapse departement van omgewingsake en natuurbewaring so lank geneem om aandag aan dié appèl te gee.

Dié departement se reaksie is gedateer 2 November 2009. As die appèl in 'n redelike tyd aandag gekry het, kon dié projek begin en die vloed moontlik verhoed gewees het.

Een van Wessa se bekommernisse oor die Langleg-pan is dat dit net plek vir 'n beperkte volume het en net 'n korttermynoplossing vir die probleem is.

Die basiese verslag oor Langleg was vol foute. Die departement van waterwese en omgewingsake het streng vereistes oor hoe van rioolwater ontslae geraak moet word. Sekere lisensies is nodig. Dit is onwaarskynlik dat dié departement vir die Sol Plaatje-munisipaliteit 'n lisensie sal uitreik om minderwaardige water in 'n natuurlike vleiland soos die Langleg-pan te pomp.

Die Homevale-rioolaanleg funksioneer steeds nie behoorlik nie.

'n Ondersoek van die Red die Flaminke-vereniging op 7 November wys dat rou rioolwater steeds in die Kamfersdam vloei.

Dié vereniging het 'n brief aan me. Buyelwa Sonjica, minister van waterwese en omgewingsake, geskryf. Sy is bewus van die Sol Plaatje-munisipaliteit se onvermoë om behoorlik die stad se rioolwater te behandel en het onmiddellike optrede gevra.